

NHSV 2020-vooruitskouing

1. NHSV tema 2020

Die NHSV se tema vir 2020, *Lééf die liefde – Laat julle lig so skyn voor die mense...* (Matt 5: 16), volg op die vorige twee jare se temas. In 2018 het ons 'n nuwe drie-jaar-periode ingelui met die eerste tema van geloof: *Ek en my huis, ons sal die Here dien* (Jos 24: 15), en dit is opgevolg in 2019 met die tweede tema van hoop: *Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms sal hê* (Jer 29: 11b NLV).

In die lig van die Covid-19-pandemie, gaan 2020 se tema ook gebruik word in 2021 aangesien die NHSV se Nasionale Kongres van 2020 verskuif na 2021. Ons fokus vir 2020 gaan ingestel wees op die persoonlike geestesgesondheid en welstand van ons vrouelidmate. Die NHSV Dagbestuur het in *Vroueflitse* se Herfs-uitgawe wat in April 2020 verskyn het, begin met 'n nuwe reeks artikels met die klem op geestesgesondheid.

Lees gerus die NHSV se publikasies wat aanlyn beskikbaar is op die NHSV se webblad www.nhsv.org.za. *Die Christelike Vrou* bevat aktuele artikels vir vroue, en *Vroueflitse* bevat geestelike toerusting vir vrouelidmate.

2. NHSV 80-jaar-feesviering 22 Mei 2020

Die NHSV is bevoorreg om op 22 Mei 2020 haar 80ste bestaansjaar te vier! Verskeie mylpale is oor 'n tydperk van agt dekades landwyd bereik deur die werk van die NHSV Hoofbestuur en NHSV takke. 'n Spesiale feesboodskap wat die NHSV se pad van seën die afgelope 80 jaar toelig, word in Mei 2020 uitgestuur.

3. NHSV Nasionale Kongres 2020

Die NHSV se 49ste Nasionale Kongres wat van 14 tot 16 Junie 2020 sou plaasvind, word uitgestel na 2021. Die enigste ander datum wat beskikbaar sou wees vir hierdie jaar is van 24 tot 26 September 2020 in die skoolvakansie.

- Weens die verlenging van die grendeltyd met twee weke tot 30 April 2020, is die Covid-19-virus se verwagte piektyd uitgeskuif na Augustus/September 2020, terwyl dit oorspronklik verwag is vir Junie/Julie 2020. Wanneer die grendeltyd opgehef word, gaan ons daaglikse lewe nie oornag na normaal toe terugkeer nie, met beperkings wat oral steeds sal geld vir groepe wat bymekaar mag kom vir 'n byeenkoms soos 'n erediens, kongres, ensovoorts. Die grendeltyd kan ook verleng word, wat ons omstandighede vir die jaar vorentoe baie onseker maak in terme van beplanning.
- Skool- en universiteitsvakansies vir 2020 gaan gewysig word om die agterstallige dae in te haal soos nodig. Dit kan beteken dat die Junie/Julie- en September-vakansie gaan wegval of verkort kan word. Ons wag nog vir inligting in hierdie verband.



- Die pandemie het huisgesinne, gemeentes en besighede finansiëel in 'n krisis gedompel, en ons moet in hierdie moeilike tye oorleef met beperkte finansies en die middele tot ons beskikking.
- Ringsvergaderings en fondsinsamelingsfunksies in gemeentes gaan uitgeskuif word na datums later in die jaar, wat beplanning rondom die Nasionale Kongres ook sal bemoeilik vir September 2020.
- Die insette en beplanning wat gepaardgaan met die NHSV se Nasionale Kongres is sodanig dat die bywoningsgetalle dit moet regverdig ten opsigte van die fasiliteite, kunstenaars, sprekers en uitstallers wat spesiaal daarvoor genader word.

Na deeglike oorweging van al die huidige inligting tot ons beskikking, het die NHSV Dagbestuur besluit om die Nasionale Kongres te verskuif na 'n datum in 2021. Sodra ons weer in die nabye toekoms na die *nuwe normale lewe* terugkeer, sal ons weer oor al die feite besin en 'n nuwe datum vir 2021 vasstel.

4. NHSV beurse en lenings 2020 – deurkollekte Sondag 9 Februarie 2020

Op 4 Februarie 2020 het die NHSV Beurs- en Leningskomitee aan ongeveer 49 Hervormde studente beurse en lenings toegeken. Die totale bedrag toegeken beloop ongeveer R475 000. Ons sê baie dankie vir elke gemeente wat hul deurkollekte van Sondag 9 Februarie 2020 aan die NHSV geskenk het om die NHSV Beurs- en Leningsfonds te versterk. Die NHSV ken jaarliks lenings toe aan Hervormde studente vir tersiêre studies in verskeie rigtings. Beurse kan ook toegeken word aan studente vir verdienstelike akademiese, kultuur- en sportprestasies.

Ons dank en waardering aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir volgehoue ondersteuning en vir die goedkeuring om jaarliks die tweede Sondag van Februarie te benut om gemeentes te vra om hul deurkollekte af te staan aan die NHSV Beurs- en Leningsfonds. Die deurkollekte van 2020 gaan, soos in die verlede, ten volle aangewend word vir NHSV beurse en lenings aan studente in 2020.

5. Bejaardesorg en OTMT

Bejaardesorg is een van die hoofprioriteite van die NHSV met die doel om finansiële en ander ondersteuning soos nodig te bied aan tehuse by –

- OTMT-tehuse van ons Kerk; en
- bejaardesorg op nasionale vlak.

Die OTMT-direksie bestaan uit 11 direksielede: vier aangewys deur die NHSV (voorheen Monumenttehuisegroep), vier aangewys deur die Ons Tuis-groep, die bestuurder van Bejaardesorg, een afgevaardigde van die Kommissie van die AKV, en een afgevaardigde van die ADV. Die OTMT-direksie vergader drie tot vier keer per jaar, met addisionele vergaderings van die Finansiële Komitee geskeduleer voor elke direksievergadering.



6. Armoedeverligting

Die NHSV Hoofbestuur is landwyd betrokke by verskeie projekte wat armoedeverligting ten doel het. Verskeie organisasies wat aansoek doen om hulp, word op 'n deurlopende basis finansiële ondersteun.

7. Doelstellings van die NHSV

Uit dankbaarheid teenoor die Drie-enige God, vervul die NHSV as diensorgaan van die Kerk haar opdrag om binne die gemeentes, die Kerk en die gemeenskap diensbaar te wees deur –

- vrouelidmate geestelik te verryk, hulle te bemagtig vir hul dienswerk en onderlinge verbondenheid te bevorder;
- persone in nood te versorg;
- die belange van die gemeente en die Kerk in die algemeen te bevorder; en
- fondse in te samel in die gemeenskap om hierdie doelstellings te bereik.

Vrouelidmate ondersteun die ampte en vind aansluiting by diakonieë. Waar projekte tussen die kerkraad, diakonie en die NHSV oorvleuel, moet ons mekaar se hande vat en saam daaraan beplan. Waar ons afsonderlik in die Kerk en gemeenskap betrokke is by barmhartigheid, moet ons mekaar moreel in die geloof ondersteun!

8. Afsluiting

Met ons hande styf in God se hand, mag ons mekaar se hande vat in 2020 om mekaar te ondersteun, met die oog altyd gevestig op Hom, ons Leidsman en Verlosser.

Lééf die liefde en wees so die lig op jou naaste se pad – in die proses verlig jy ook jou eie pad!

Baie seën word u elkeen toegebid vir die goeie werk wat elkeen doen in die Kerk!

NHSV groete

(get) Mari-lizé Beukes
Voorsitter NHSV Hoofbestuur

